

10 Maart

Skrifgedeelte: 2 Samuel 24:1-15

Fokusgedeelte: 2 Samuel 24:1

Die oorsprong van die kwaad?

Waarom het hierdie verskriklike ramp in ons voorgelese gedeelte die volk Israel getref? Deur die eeue worstel mense met die probleem van die kwaad. Waar kom die kwaad vandaan? Waarom is daar soveel pyn en lyding hier op aarde? 2 Samuel 24:1 wil ons die hand van God laat sien in alles wat met ons gebeur. Niks gebeur met ons buite God se wil om nie. 1 Kronieke 21:1 maak dit egter duidelik dat ons nie God kan sien as die oorsaak van die kwaad nie.

Die vraag na die oorsprong van die kwaad is in wese onoplosbaar. By wie moes Dawid die oorsaak van die ramp oor Israel gaan soek? By God (2 Sam 24:1), of by Satan (1 Kron 21:1)? Die antwoord is nie by een van bogenoemde nie. Dawid gee vir ons self die antwoord as hy sy sonde in 1 Kronieke 21:17 teenoor die HERE bely: "Dit is tog *ék* wat opdrag gegee het om 'n sensus van die volk te hou en *ék* wat gesondig het," en in 2 Samuel 24:10 smeek hy: "Ek het swaar gesondig met wat ek gedoen het. Vergewe tog my oortreding, Here!"

Dit is ons uiteindelijke adres. Om ons eie verantwoordelikheid vir sonde en kwaad te erken en te bely, en daarmee na die Here toe te vlug. Hy alleen het vir ons die antwoord in Jesus Christus onse Here. By hom alleen is daar troos en vergiffenis. By Hom alleen vind ons rus en kalmte, soos 'n kindjie wat by sy moeder tevredenheid gevind het (Ps 131:2). En wat van rampe wat ons tref sonder die toedoen en sonde van mense? Nadat die bekende prediker DL Moody se dogter tydens 'n storm op see verdrink het, is daar smalend aan hom gevra: Kon jou God wat eenmaal 'n storm op see stilgemaak het, nie ook daardie storm stilgemaak het nie? Waarop Moody geantwoord het: Nee, Hy het nie daardie storm stilgemaak nie. Maar Hy het 'n ander storm stilgemaak. Die storm in my hart!
Sing: Psalm 42:5 (Totius)

Ds MP Harris (Witbank-Suidoos)